**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL**

**(TAAL, GELETTERDHEID & KOMMUNIKASIE)**

**DEPARTEMENT AFRIKAANS**
**AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | **: 12** | **DATUM** | **: AUGUSTUS 2013** |
| **VRAESTEL** | **: SKRYF** | **TYD** | **: 2½ UUR** |

---

| | | |
|---|---|---|
| **EKSAMINATOR** | **: Mnr. W. Swart** | |
| **MODERATORE** | **: Me. M. Watson** | **(Intern)** |
| | **Mev. W. Groenewald** | **(Ekstern)** |

---

## Instruksies:

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

   | | | |
   |---|---|---|
   | **Afdeling A:** | **Opstel** | **(50)** |
   | **Afdeling B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
   | **Afdeling C:** | **Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   | | |
   |---|---|
   | **Afdeling A:** | **80 minute** |
   | **Afdeling B:** | **40 minute** |
   | **Afdeling C:** | **30 minute** |

8. **Nommer elke teks soos dit in die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel / opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.**

10. **Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.**

    **LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

11. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 250 – 300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

**1.1**




Daar word geglo dat die krokodil se traankliere baie vloeistof afskei wanneer hy eet en dat dit tot die uitdrukking aanleiding kon gegee het.

**Dit is oorspronklik gesê wanneer iemand op 'n skynheilige manier trane stort.**

Vertel van 'n insident wat daartoe gelei het dat een van jou vriende krokodiltrane gehuil het. **[50]**

**OF**

**1.2**




Op jou 18de verjaarsdag het jou ouers vir jou die nuutste tegnologie as geskenk gegee.

Wat was hierdie tegnologie? 'n Slimfoon, tablet, televisie, skootrekenaar, ens.?

Verduidelik waarom jy dink dat hierdie nuutste tegnologie ***cooler en beter as ooit*** is. **[50]**

**OF**

1.3




## NASIONALE VROUEDAG:
### 9 AUGUSTUS

Wanneer ons 'n dag vier, kyk ons na iets spesiaals aan daardie dag.

- Is dit korrek?
- Nasionale Vrouedag, moet dit gevier word?
- Watter boodskap stuur ons deur die viering van Nasionale Vrouedag?
- Wat is jou opinie?

**[50]**

**OF**

1.4 **Die lewe word swaarder met die tyd**




**Mount Everest**



**Matthew Martins**


Net soos Matthew Martins in 'n persoonlike krisis beland het, kan ek en jy ook voor struikelblokke en probleme in ons lewe te staan kom. En hierdie krisistye kan die volgende insluit: siekte, dood, ongelukke, stukkende verhoudings, finansiële teenspoed of persoonlike rampe.

Dit is maklik om moed te verloor wanneer jy in die donker stroom van ellende meegesleur word en jou voete geen vastrapplek vind nie. Jou krag en energie is weg. Voor jou doem jou eie persoonlike Mount Everest op.

Vertel van 'n episode in jou lewe waar jy jou eie Mount Everest moes klim. **[50]**

**OF**

**1.5** **WANNEER DIE EKSAMEN KOM KUIER**



Jy kry die ouens wat al 'n maand voor die tyd hul boeke oopmaak en die werk soos 'n pappegaai gaan swot, en dan kry jy die ouens wat hul boeke die dag vóór die eksamen oopmaak en vinnig 'n oog oor hul werk gooi.

Almal hanteer eksamen op 'n ander manier. Hoe berei jy vir 'n eksamen voor? **[50]**

**OF**


**1.6** Bestudeer die volgende visuele tekste noukeurig. Laat jou gedagtes gaan en kies **EEN** om oor te skryf.

Jou skryfstuk moet kreatief wees en ooreenstem met die boodskap wat die prent uitbeeld.

1.6.1




1.6.2




1.6.3




1.6.4



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**




Nadat jy Fernel Abrahams se gedig, ***Brief***, in die Afrikaans-klas bestudeer het en noudat jy aan die einde van jou skoolloopbaan staan, besef jy hoe baie jou ma vir jou oor die jare beteken het en dat jy haar nou liewer as ooit het.

Skryf ‘n **vriendskaplike brief** aan jou ma en sê vir haar

- wat sy vir jou deur jou skoolloopbaan beteken het.
- dat jy baie lief is vir haar. **[30]**

**OF**

**2.2 TOESPRAAK**

As deel van jou Graad 12-portefeulje moet jy binnekort in die mondeling-periode voor jou Afrikaans-onderwyser en matriekklas die volgende onderwerp bespreek:

**Die gras is nie groener aan die anderkant nie**

Skryf jou **toespraak**, maar begin so:

Anderkant die doringdraad van 'n mens se eie ouerhuis, is daar baie erger omstandighede wat 'n mens kan tref. Anderkant die elektriese heining van 'n mens se vriendekring, kan groepsdruk 'n jong lewe verwoes. **[30]**

**OF**

## 2.3 DIALOOG



Jy het die Winterskool by Parktown High School for Girls bygewoon en het tydens een van julle pouses die geleentheid gebruik om met een van die meisies te gesels en haar te vra om saam met jou na jou matriekafskeid te gaan.

Skryf die **dialoog** wat tussen julle plaasgevind het. **[30]**

**OF**

## 2.4 NOTULE

Die volgende kennisgewing en agenda is uitgestuur aan al die Graad 12's.
Die graadhoof kan nie die vergadering bywoon nie en het jou gevra om die notule te skryf.



**KENNISGEWING VAN GRAAD 12 VERGADERING**

Daar sal 'n vergadering wees op 18 September 2013 om 15:00 in die saal. Al die Graad 12's moet dit bywoon.

Sake wat bespreek gaan word is die volgende:

1. Matriekafskeid
2. Matriekbaadjies
3. Prysuitdeling

J. Kotwal
GRAADHOOF

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.


**3.1 POSKAART**




Op ‘n skooltoer na Frankryk het jy die geleentheid gehad om David Beckham se laaste professionele sokkerwedstryd voor sy uittrede uit dié sport by te woon.

Skryf ‘n **poskaart** aan jou pa by die huis waarin jy hom vertel van hierdie geskiedkundige wedstryd op 18 Mei op Parc de Princes in Parys waar Paris Saint-Germain vir Brest met 3-1 geklop het.

Teken die **poskaart** in jou antwoordboek en vul dit in.



**[20]**

**OF**

**3.2 FACEBOOK-BOODSKAP**

Een van jou skoolmaats se vervoer per helikopter na die matriekafskeid by die Indaba Hotel op 21 September kos R12 000.

Lewer **kommentaar** daaroor op jou Facebook-blad.

Maak gebruik van die vorm wat voorsien word. Maak dit los en heg dit aan jou antwoordboek. **[20]**

**OF**

**3.3 FAKSBOODSKAP**

John Vlismas is 'n komediant in eie reg. Hy word geprys; hy word gekritiseer. Óf jy hou van hom, óf jy hou nie van hom nie. Die feit is, hy het sy merk gemaak.

***The Heart of the Lion*** beplan 'n funksie met John Vlismas as gasspreker. Hulle samel geld in as deel van 'n liefdadigheidsprojek, waar alle winste aan Matthew Martins en CHOC (kinders wat kanker het) geskenk gaan word.

Skryf 'n **faksboodskap** aan John Vlismas. Gee vir hom al die nodige besonderhede van die funksie en vind uit of hy beskikbaar is.

Noem die volgende sake:

- Die tipe funksie wat julle beplan.
- Die rede waarom julle hierdie funksie wil hou.
- Die dag, datum, tyd en plek van die funksie.
- Die teikengehoor (met wie hy gaan praat).
- Die program vir die aand.


Maak gebruik van die vorm wat voorsien word. Maak dit los en heg dit aan jou antwoordboek. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [20]**
**GROOTTOTAAL: [100]**

**AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

**3.2 FACEBOOK-BOODSKAP**




**[20]**

**AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

**3.3 FAKSBOODSKAP**

**NAAM VAN ONTVANGER : ....................................................................**

**FAKSNOMMER : ....................................................................**

**NAAM VAN SENDER : ....................................................................**

**DATUM : ....................................................................**

**GETAL BLADSYE : ....................................................................**

**ONDERWERP : ....................................................................**

**BOODSKAP**

**Handtekening: ......................................**

**[20]**